

Buitengewone Provinsiale Koerant

6179

Woensdag, 10 November 2004

Provincial Gazette Extraordinary

6179

uLwesithathu; 10 KuNovemba 2004

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Ibhaliwe ePosini njengephephandandaba

INHOUD

(*Herdrukke is verkrybaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)

No.	Bladsy
-----	--------

Provinsiale Kennisgewing

212 Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbron- owerheid in die Wes-Kaap, vaardig kragtens die bevoegdheid aan hom verleen in terme van artikel 25(2)(h) 25 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999), die regulasies vervat in die Bylae hierby uit	2
---	---

[Die Engelse weergawe is in die Buitengewone Provinsiale Koerant,
No. 6061, gedateer 29 Augustus 2003, gepubliseer]

IZIQULAHOO

(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street,
Cape Town 8001.)

No.	Page
-----	------

Isaziso Sephondo

212 ILifa leMveli leNtshona Koloni, isigqeba esingugu- nyaziwe wezelifa lemveli lephondo apha eNtshona Koloni, ngokwamagunya eswanikwa kwicandelo 25(2)(h) loMthetho oyiNational Heritage Resources Act ka-1999 (uMthetho 25 ka-1999), libhengeza le migaqo iqulathe kwiShedyuli yalo Mthetho.....	39
---	----

[Uguqulelo lwesiNgesi sele lupapashiwe kweGazethi eyo
Ngezelelwego yePhondo enguNomb. 6061 yomhla wama-29 ku-
Agasti 2003]

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinciale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

G. A. LAWRENCE,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

G. A. LAWRENCE,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.K. 212/2004

15 Oktober 2004

**WET OP NASIONALE ERFENISHULPBRONNE, 1999
(WET 25 VAN 1999)****REGULASIES UITGEVAARDIG DEUR ERFENIS WES-KAAP KRAGTENS ARTIKEL 25(2)(h)**

Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronnerheid in die Wes-Kaap, vaardig kragtens die bevoegdheid aan hom verleen in terme van artikel 25(2)(h) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999), die regulasies vervat in die Bylae hierby uit.

BYLAE**INDELING VAN REGULASIES**

Hoofstuk I — Woordomskrywing

Hoofstuk II — Permitaansoeke (artikel 48(1)) en die algemene bepalings vir permitaansoeke

Hoofstuk III — Aansoek vir permit: Provinsiale erfenisterrein, voorlopig beskermd plek of struktuur ouer as 60 jaar (artikels 27(18), 29(10) en 34(1))

Hoofstuk IV — Aansoek vir permit: Argeologiese of paleontologiese terrein of meteoriet (artikel 35(4))

Hoofstuk V — Aansoek vir permit om 'n provinsiale erfenisterrein te reproducere (artikel 27(23))

Hoofstuk VI — Prosedure vir oorlegpleging oor 'n beskermd gebied (artikel 28(3))

Hoofstuk VII — Aansoek vir permit om enige kategorie geregistreerde argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of meteoriet vir private voordeel te verkoop of daarin handel te dryf (artikel 35(4)(c))

Hoofstuk VIII — Registrasie van bewaringsliggame

HOOFSTUK I**WOORDOMSKRYWING**

- In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking wat in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) ("die Wet"), en die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 23 van die Wet omskryf is, die betekenis aldus daaraan geheg, en tensy dit uit die samehang anders blyk. beteken—

"**argeologiese terrein**" enige plek waar materiële oorblyfsels voortspruitend uit menslike bedrywighede verlaat is en langer as 100 jaar toestand van onbruik is, insluitende hominiede oorblyfsels, artefakte en afval, rotskuns, menslike oorblyfsels buite gebiede wat in die verlede formeel tot begraafphase verklaar is, kunsmatige verskynsels en strukture wat nie meer staan nie, en enige plek waar verskynsels, strukture en artefakte wat met militêre geskiedenis geassosieer word, verlaat is en langer as 75 jaar in 'n toestand van onbruik is;

"**die Wet**" die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999);

"**museum**" 'n permanente openbare instelling in die diens en ontwikkeling van die samelewing wat oop is vir die publiek en wat materiële bewyse van mense en hulle omgewing verkry, bewaar, navor, kommunikeer en uitstaal met die oog op studie, opvoeding en genieting;

"**permithouer**" 'n persoon wat by Erfenis Wes-Kaap aansoek gedoen het vir magtiging kragtens artikel 48(1) van die Wet en aan wie 'n permit deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik is;

"**praktisyen**" 'n persoon wat gekwalifiseer is om die werk te doen wat beskryf word in 'n permit deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik;

"**publikasie**" 'n dokument wat geproduceer is en wat algemeen beskikbaar is in veelvuldige eksemplare of plekke aan enige lid van die publiek, hetsy deur koop, huur, leen, intekening, lisensie of gratis verspreiding of aan lede van 'n vereniging of genootskap waarvan die lidmaatskap oop is vir enige kwalifiserende lid van die publiek;

"**reproduksie vir wins**" die maak en gebruik van 'n afbeelding van 'n provinsiale erfenisterrein of deel van 'n provinsiale erfenisterrein in grafiese, visuele, audiovisuele of ander verstaanbare formaat deur enige medium en enige weergawe of uitgawe van sodanige afbeelding, hetsy in twee of drie dimensies, vir die doel van verkoop of verhuur, of adverteering, bevordering of versiering van enige produk of diens wat aangebied word vir verkoop of verhuur, of enige aktiwiteit waarvoor gevra sal word;

"**riglyne**" 'n dokument deur Erfenis Wes-Kaap saamgestel wat enige bykomende inligting of vereistes bevat wat Erfenis Wes-Kaap nodig ag;

"**samewerkende instelling**"

(a) 'n Suid-Afrikaanse museum, of

- (b) 'n Suid-Afrikaanse openbare instelling,
wat deur Erfenis Wes-Kaap goedgekeur is;

"samewerking" toesig en advies deur daardie samewerkende instelling oor enige aspekte rakende die herwinning van voorwerpe, en die aanvaarding van enige voorwerpe as deel van sy versamelings en die onderneming van die kuratoriale versorging en bewaring daarvan; en "uitdrawing" die wetenskaplike uitdrawing, aantekening en herwinning van argeologiese afsettings en voorwerpe deur die gebruik van aanvaarde argeologiese procedures en metodes, en het "uitgrawe" 'n ooreenstemmende betekenis.

HOOFSTUK II

ALGEMENE BEPALINGS VIR PERMITAANSOEKE (ARTIKEL 48(1))

Aansoekprosedure en -vereistes

2. (1) 'n Aansoek vir 'n permit moet by Erfenis Wes-Kaap gedoen word op die toepaslike amptelike vorm wat in die Bylaes hierby voorgeskryf word, en moet die inligting insluit wat ingevolge daarvan vereis word.
 - (2) Binne 14 dae na ontvangs van 'n aansoek vir 'n permit moet Erfenis Wes-Kaap ontvangs daarvan erken en die aansoeker in kennis stel of—
 - (a) die aansoek volledig is, en
 - (b) enige gelde betaalbaar is.
 - (3) Erfenis Wes-Kaap kan, by kenniggewing in die *Provinsiale Koerant*, aansoekgelde bepaal.
 - (4) Erfenis Wes-Kaap kan na goeddunke 'n aansoek aan tersaaklike kundiges of aan die betrokke plaaslike owerheid voorlê vir inligting en kommentaar op die meriete van die aansoek, die uitreiking van 'n permit en of bykomende inligting nodig is en of enige voorwaardes, beperkings of aanwysings, indien wel, gestel moet word.

Uitreiking van permitte

3. (1) Erfenis Wes-Kaap moet—
 - (a) na oorweging of die voorgestelde handeling, waarvoor 'n permit ingevolge die Wet nodig is, in ooreenstemming is met die algemene beginsels vir die bestuur van erfeniselpbronne soos in artikel 5 van die Wet uiteengesit en die beginsels by artikel 6 van die Wet voorgeskryf, en
 - (b) na oorweging van die bepalings van toepassing vir 'n bepaalde permit ingevolge hierdie regulasies,
die permit toestaan of weier, en by die toestaan van die permit enige voorwaardes en beperkings of aanwysing stel wat hy nodig ag.
- (2) Die maksimum tydramwerk waarbinne Erfenis Wes-Kaap teenoor die aansoeker moet reageer, met plaaslike kenners en owerhede moetoorleg pleeg en 'n besluit moet neem, is 60 dae, uitgesonderd enige tyd wat die aansoeker nodig het om bykomende studies te doen of inligting te verkry wat deur Erfenis Wes-Kaap verlang word.
- (3) (a) Erfenis Wes-Kaap moet die aansoeker skriftelik in kennis stel van die besluit om die permit toe te staan of te weier, en van enige voorwaardes en beperkings of aanwysings wat hy nodig ag.
 - (b) Die amptelike stempel met handtekening en datum van Erfenis Wes-Kaap op 'n afskrif van 'n amptelik ingediende aansoek of bouplan maak skriftelike kenniggewing uit.
- (4) Erfenis Wes-Kaap behou hom die reg voor om te weier om 'n permit uit te reik aan 'n aansoeker wat nie 'n verslag wat ingevolge 'n vorige permit vereis is, voorgelê het nie.
- (5) Die houer van 'n permit mag die permit nie na 'n ander persoon of liggaam oordra nie, tensy
 - (a) na die mening van Erfenis Wes-Kaap, uitsonderlike omstandighede bestaan, en
 - (b) Erfenis Wes-Kaap sodanige oordrag skriftelik gemagtig het.
- (6) (a) 'n Permit wat kragtens hierdie regulasies deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik is, is geldig vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.
 - (b) 'n Permit kan deur Erfenis Wes-Kaap hernu word; Met dien verstande dat die aansoeker—
 - (i) aansoek doen vir hernuwing binne die tydperk waarvoor die permit toegestaan is, en
 - (ii) enige bykomende inligting wat deur Erfenis Wes-Kaap verlang word, tot tevredenheid van Erfenis Wes-Kaap verskaf is.
- (7) 'n Permit wat kragtens hierdie regulasies uitgereik is, ontheft die aansoeker nie van enige ander statutêre vereistes van toepassing op die betrokke aktiwiteit of van die verkryging van magtiging of 'n permit van enige ander staatsorgaan of agentskap soos deur ander wetgewing vereis nie.

- (8) Erfenis Wes-Kaap kan 'n onvolledige aansoek aanvaar indien—
- die situasie deur Erfenis Wes-Kaap as 'n noodgeval beskou word omdat—
 - uitsonderlike omstandighede 'n erfenishulpbron in gevaar van vernietiging of ernstige skade stel, of
 - konstruksie-aktiwiteite bewarenswaardige verskynsels van 'n erfenisterrein wat nie voorheen opgemerk is nie, blootlê en bedreig, en
 - onvermydelike vertraging om die tersaaklike inligting te verkry, sal veroorsaak dat die erfenishulpbron sy betekenis verloor, en die aansoeker onderneem om die ontbrekende inligting te verskaf teen 'n datum deur Erfenis Wes-Kaap bepaal.

Minimum kwalifikasies en praktykstandaarde

- Erfenis Wes-Kaap behou hom die reg voor om professionele liggame op tersaaklike gebiede te raadpleeg oor die kwalifikasies wat vir praktisyens vereis word en kan na goeddunke minimum kwalifikasies en praktykstandaarde bepaal wat toegepas moet word in enige handelinge wat in bepaalde omstandighede kragtens 'n permit gedoen word.
- Erfenis Wes-Kaap mag 'n permit uitrek slegs indien hy oortuig is dat die voorgestelde handeling waarvoor 'n permit verlang word, in ooreenstemming is met die algemene beginsels vir die bestuur van erfenishulpbronne soos in artikel 5 van die Wet uiteengesit en die beginsels by artikel 6 van die Wet voorgeskryf.
- (a) Indien Erfenis Wes-Kaap rede het om te vermoed dat 'n permithouer nie aan enige van die voorwaardes, beperkings of aanwysings wat kragtens 'n permit gestel is, voldoen of voldoen het nie, moet hy die permithouer aansê om skriftelike vertoe te rig waarom die permit nie ingetrek moet word nie.
 (b) Indien Erfenis Wes-Kaap na oorweging van die vertoe deur die permithouer redelike gronde het om te vermoed dat die permithouer nie aan enige van die voorwaardes, beperkings of aanwysings wat kragtens die permit gestel is, voldoen of voldoen het nie, kan die permit intrek.

Moniteerverantwoordelikheid van Erfenis Wes-Kaap

- 'n Erfenisinspekteur of ander gemagtigde verteenwoordiger of afgevaardigde van Erfenis Wes-Kaap kan te eniger redelike tyd—
 - enige terrein, plek of struktuur waarvoor 'n permit uitgereik is of waarvoor daar aansoek gedoen word vir 'n permit ingevolge hierdie regulasies, inspekteer, en
 - versoek om insae te kry in 'n permit op 'n erfenisterrein waar werk waarvoor 'n permit nodig is, aan die gang is.

Misdrywe en strawwe

- Enige persoon wat—
 - versuum om enige inligting te verstrek wat ingevolge die Wet of die regulasies verlang word, hetsy op versoek van Erfenis Wes-Kaap al dan nie, of
 - vir die doel om 'n permit, toestemming of magtiging ingevolge die Wet te kry, enige stelling of voorstelling maak terwyl hy of sy weet dat dit vals is of nie weet of glo dat dit waar is nie,
- begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in artikel 51 van die Wet bedoel in die vorm van 'n boete of gevangerisstraf of sowel sodanige boete as sodanige gevangerisstraf.

HOOFSTUK III

AANSOEK VIR PERMIT: PROVINSIALE ERFENISTERREIN, VOORLOPIG BESKERMDE PLEK, OF STRUKTUUR OUER AS 60 JAAR (ARTIKELS 27(18), 29(10) EN 34(1))

Toepaslikheid

- Voordat 'n persoon enige van die volgende handelinge doen, tensy die betrokke plaaslike owerheid geag word bekwaam te wees en die tersaaklike funksies of bevoegdhede ingevolge artikel 26(1)(f) van die Wet deur Erfenis Wes-Kaap aan hom gedelegeer is, moet sodanige persoon by Erfenis Wes-Kaap aansoek doen vir 'n permit om—
 - 'n erfenishulpbron wat kragtens artikel 27(18) van die Wet beskerm word, te vernietig, te beskadig, te ontsier, uit te grawe, te verander, uit sy oorspronklike posisie te verwijder, te onderverdeel of die beplanningstatus daarvan te verander; of
 - 'n plek wat kragtens artikel 29(10) van die Wet voorlopig deur Erfenis Wes-Kaap beskerm word, te beskadig, te ontsier, uit te grawe, te verander, uit sy oorspronklike posisie te verwijder, te onderverdeel of die beplanningstatus daarvan te verander; of
 - enige struktuur of deel van 'n struktuur wat ouer as 60 jaar is en kragtens artikel 34(1) van die Wet beskerm word, te verander of te sloop;
- Met dien verstande dat, tensy Erfenis Wes-Kaap anders gelas, indien die provinsiale erfenisterrein, die voorlopig beskermde plek of die *bona fide* navorsingsdoeleindes is, die regulasies in Hoofstuk IV van toepassing is benewens die regulasies in hierdie Hoofstuk.
- Erfenis Wes-Kaap kan by kennigewing in die *Provinsiale Koerant* die inhoud van bestaande opnames identifiseer en aanvaar as 'n toereikende opname van die bewarenswaardigheid van alle geboue en/of komponente van die landskap in 'n omskreve geografiese gebied.

- (3) Alle strukture wat meer as 60 (sestig) jaar oud is en nie as van enige kulturele betekenis geïdentifiseer is nie in 'n opname in subregulasie (2) bedoel, is vrygestel van die bepalings van subregulasie (1).
- (4) Enige ontwikkeling wat in artikel 38(1) van die Wet gekategoriseer is wat nie 'n bouterrein of komponent van 'n landskap raak nie wat as van kulturele betekenis geïdentifiseer is in 'n bestaande opname wat deur Erfenis Wes-Kaap aanvaar is as 'n opname in subregulasie (2) bedoel, is vrygestel van die vereistes van artikel 38 van die Wet, tensy daar na die mening van Erfenis Wes-Kaap 'n moontlike invloed op argeologiese of paleontologiese oorblyfsels kan wees, in welke geval 'n erfenisinvloed-evaluering nodig kan wees.

Vereistes en prosedure vir aansoek

8. (1) 'n Aansoek vir 'n permit moet op die toepaslike amptelike vorm gedoen word wat in Bylae A hierby voorgeskryf word.

Minimum kwalifikasies en praktykstandaarde

9. (1) Permitte vir werk op provinsiale erfenisterreine en voorlopig beskermde plekke mag uitgereik word slegs indien Erfenis Wes-Kaap oortuig is dat die voorgestelde handeling onderneem gaan word deur persone wat gepas gekwalifiseer is of gepaste ondervinding het betreffende—
 - (a) die wetenskaplike en/of kulturele betekenis van die betrokke plek, en
 - (b) die spesifieke handelinge wat gedoen gaan word.
- (2) Erfenis Wes-Kaap kan verslae vereis, en riglyne daarvoor stel, oor stappe gedoen ingevolge 'n permit wat hy uitgereik het.

HOOFSTUK IV

AANSOEK VIR PERMIT: ARGEОLOGIESE OF PALEONTOLOGIESE TERREIN EN/OF MATERIAAL OF METEORIET (ARTIKEL 35(4))

Toepaslikheid

10. (1) Voordat 'n persoon of liggaaam enige van die volgende stappe doen, moet sodanige persoon of liggaaam ingevolge hierdie Hoofstuk by Erfenis Wes-Kaap aansoek doen vir 'n permit om—

- (a) enige argeologiese of paleontologiese terrein of enige meteoriet te vernietig, te beskadig, uit te grawe, te verander, te ontsier of andersins te versteur; of
- (b) enige argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet te vernietig, te beskadig, uit te grawe, uit sy oorspronklike posisie te verwijder, te versamel of te besit; of
- (c) enige uitgravingstoerusting of enige toerusting wat help met die opsporing of herwinning van metale of argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerpe, op 'n argeologiese of paleontologiese terrein te bring of te gebruik of sodanige toerusting vir die herwinning van meteoriete te gebruik,

wanneer sodanige terrein of meteoriet 'n provinsiale erfenisterrein is, voorlopig beskerm word deur Erfenis Wes-Kaap of ingesluit is onder die algemene beskerming vir argeologiese of paleontologiese terreine of meteoriete waarvoor artikel 35 van die Wet voorsiening maak.

- (2) Die regulasies in hierdie Hoofstuk is nie van toepassing nie op enige persoon wat aansoek doen vir 'n permit om enige kategorie argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vir private voordeel te verkoop of daarin handel te dryf. Sodanige aansoeke moet ingevolge Hoofstuk VII van hierdie regulasies gedoen word.

Vereistes en prosedure vir aansoek

11. (1) 'n Aansoek vir 'n permit om—

- (a) enige argeologiese terrein te vernietig, te beskadig, uit te grawe, te verander, te ontsier of andersins te versteur;
- (b) enige argeologiese materiaal of voorwerp te vernietig, te beskadig, uit te grawe, uit sy oorspronklike posisie te verwijder, te versamel of te besit; of
- (c) enige uitgravingstoerusting of enige toerusting wat help met die opsporing of herwinning van metale of argeologiese materiaal of voorwerpe op 'n argeologiese terrein te bring of te gebruik,

wanneer sodanige terrein 'n provinsiale erfenisterrein is, voorlopig beskerm word deur Erfenis Wes-Kaap of ingesluit is onder die algemene beskerming vir argeologiese terreine waarvoor artikel 35 van die Wet voorsiening maak, moet op die toepaslike amptelike vorm gedoen word wat in Aanhangsel B hierby voorgeskryf word.

- (2) 'n Aansoek vir 'n permit om—

- (a) enige paleontologiese terrein te vernietig, te beskadig, uit te grawe, te verander, te ontsier of andersins te versteur;
- (b) enige paleontologiese materiaal of voorwerp te vernietig, te beskadig, uit te grawe, uit sy oorspronklike posisie te verwijder, te versamel of te besit; of
- (c) enige uitgravingstoerusting of enige toerusting wat help met die opsporing of herwinning van metale of paleontologiese materiaal of voorwerpe op 'n paleontologiese terrein te bring of te gebruik,

wanneer sodanige terrein 'n provinsiale erfenisterrein is, voorlopig beskerm word deur Erfenis Wes-Kaap of ingesluit is onder die algemene beskerming vir argeologiese terreine waarvoor artikel 35 van die Wet voorsiening maak, moet op die toepaslike amptelike vorm gedoen word wat in Aanhangsel C hierby voorgeskryf word.

(3) 'n Aansoek vir 'n permit om—

- (a) enige meteoriet te vernietig, te beskadig, uit te grawe, te verander, te ontsier of andersins te versteur; of
- (b) enige meteoriet te vernietig, te beskadig, uit te grawe, uit sy oorspronklike posisie te verwijder, te versamel of te besit; of
- (c) enige toerusting wat help met die opsporing van meteoriete te gebruik,

wanneer sodanige terrein 'n provinsiale erfenisterrein is, voorlopig beskerm word deur Erfenis Wes-Kaap of ingesluit is onder die algemene beskerming vir argeologiese terreine waarvoor artikel 35 van die Wet voorsiening maak, moet op die toepaslike amptelike vorm gedoen word wat in Aanhangesel D hierby voorgeskryf word.

Minimum kwalifikasies

12. (1) Erfenis Wes-Kaap mag 'n permit kragtens artikel 35(4) van die Wet uitreik slegs indien Erfenis Wes-Kaap oortuig is dat die aansoeker gekwalifiseer is en/of ondervinding het betreffende—
 - (a) die wetenskaplike of kulturele betekenis van die betrokke terrein, fossiele, meteoriete of artefakte, en
 - (b) die handelinge wat gedoen gaan word.
- (2) 'n Permit om 'n argeologiese of paleontologiese terrein te vernietig in die loop van grondverskuiwingsaktiwiteit of ontwikkeling op 'n terrein kleiner in omvang as wat in artikel 38 van die Wet bedoel word, sal uitgereik word slegs nadat die terrein bemonster is soos deur Erfenis Wes-Kaap bepaal na oorleg met die ontwikkelaar of grondverskuiwer en die argeoloog of paleontoloog.
- (3) 'n Permit om 'n argeologiese of paleontologiese terrein te vernietig in die loop van grondverskuiwingsaktiwiteit of ontwikkeling op 'n terrein soortgelyk in omvang as wat in artikel 38 van die Wet bedoel word, mag nie uitgereik word nie tensy 'n suksesvolle erfenisinvloedevaluering gedoen is.
- (4) 'n Erfenisinvloede-evaluering soos in subregulasie (3) bedoel, moet gedoen word op die koste van die aansoeker of die persoon of liggaam wat vir die betrokke permit aansoek doen.
- (5) 'n Erfenisinvloede-evaluering moet gedoen word deur 'n persoon wat by Erfenis Wes-Kaap geregistreer is of wat 'n geregistreerde lid is van 'n professionele liggaam wat deur Erfenis Wes-Kaap erken word en wat die standarde volg wat daardie professionele liggaam gestel word.
- (6) 'n Permit om 'n meteoriet te vernietig, te beskadig, uit te grawe, te verander of te verwijder, hetsy uit sy oorspronklike posisie van impak of van die instelling waar dit uitgestal of geberg word, mag nie uitgereik word nie tensy Erfenis Wes-Kaap oortuig is dat die betrokke persoon gepas gekwalifiseer is of gepaste ondervinding het en skriftelike bewys voorlê dat hy of sy met 'n samewerkende instelling saamwerk.

Praktykstandaarde vir uitrawing en verwydering van voorwerpe

13. (1) Die houer van 'n permit wat uitdrawingswerk en die herwinning van voorwerpe toelaat, is te alle tye verantwoordelik vir die uitdrawingswerke en die voorwerpe wat herwin word.
- (2) 'n Permithouer soos bedoel in subregulasie (1) bedoel, moet Erfenis Wes-Kaap voorsien van die naam of name en kwalifikasies van al sy gemagtigde verteenwoordigers.
- (3) 'n Permithouer soos bedoel in subregulasie (1) bedoel of 'n gemagtigde verteenwoordiger moet te alle tye teenwoordig wees gedurende die werklike verrigting van die uitdrawingswerk en die herwinning van voorwerpe.
- (4) Om meteoriete en argeologiese en paleontologiese terreine, fossiele en artefakte te beveilig, moet 'n permithouer—
 - (a) toesig hou oor alle uitdrawings, gietwerk, verwyderings, sifwerk en sorteerwerk volgens aanvaarbare professionele standaarde;
 - (b) die handelinge wat gedoen gaan word, beplan voordat dit begin;
 - (c) in die geval van argeologiese afsettings, hoogstens die helfte van die bekende afsettings of voorwerpe uitgrawe of verwijder, tensy die terrein of voorwerp waarskynlik vernietig gaan word deur natuurlike erosieprosesse, grondverskuiwingsaktiwiteit of ontwikkeling, of tensy dit bepaal is ingevolge die voorwaarde van die permit wat deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik is;
 - (d) in die geval van argeologiese of paleontologiese uitdrawings, die terrein akkuuraat aandui op 'n 1:50 000-kaart met geraamde geografiese koördinate, of verkieslik 'n globale posisioneeringsstelsel (GPS)-lesing met datum, 'n gedetailleerde fotografiese rekord van die terrein en werk aan die gang maak en foto's neem van enige belangrike artefakte, gefossilleerde oorblyfsels, spoorfossiele of spore wat *in situ* herwin is;
 - (e) in die geval van argeologiese of paleontologiese uitdrawings, die terrein opmeet en 'n gemete plan verskaf waarop die posisies van alle uitdrawings en belangrike gefossilleerde oorblyfsels, artefakte en verskynsels gemerk is, en, waar toepaslik, gemete tekenings van alle dele deur uitgegraafde afsettings verskaf;
 - (f) in die geval van die verwijdering van graffiti van 'n rotskunsterrein, 'n gedetailleerde rekord van die terrein en van alle graffiti en rotskuns maak voordat die graffiti verwijder word volgens die bepalings van 'n permit wat deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik is;
 - (g) in die geval van onvermydelijke beskadiging of verwijdering van rotskuns, 'n gemete plan van die terrein maak en alle kunswerke aanteken deur die posisie, kleure, afmetings en ander eienskappe aan te teken voor verwijdering kragtens 'n permit wat deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik is, en—
 - (i) koolstofvryfafdrukke van enige gravures maak;
 - (ii) 'n gietstuk maak van enige gravures in 'n materiaal wat die Erfenis Wes-Kaap aanvaarbaar is;

- (iii) enige rotstekeninge aflateken;
- (iv) gedetailleerde kleurfoto's van die rotskuns neem, en
- (v) indien die terrein onvermydelik vernietig gaan word, soveel moontlik van die rotskuns verwyder volgens enige voorwaardes vermeld in 'n permit deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik;
- (h) 'n rehabiliteer- en/of instandhoudingsplan vir die terrein ontwikkel volgens spesifikasies ingesluit in 'n permit deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik;
- (i) die terrein skoon en netjies laat tydens en na uitgraving en, tensy Erfenis Wes-Kaap na oorleg met die geregistreerde eiendaar skriftelik vrystelling verleen, die uitgraving opvul of die uitgegraafde dele stabiliseer;
- (j) menslike oorblyfsels behandel op 'n wyse wat waardigheid en respek vir kulturele waardes verseker en op 'n wyse wat nakoming van alle toepaslike statutêre vereistes verseker, en
- (k) in oorleg met die permithouer en eiendomseienaar voorsiening maak vir die moontlikheid om voorwerpe en vertolkende inligting op die terrein uit te stal tydens en na uitgraving.

Standaarde van kuratoriale versorging en bering

14. (1) Voor die aansoek vir 'n permit moet die aansoeker 'n skriftelike ooreenkoms met 'n samewerkende instelling sluit wat 'n gevestigde argeologiese, paleontologiese of meteorietversameling het om te verseker dat die instelling alle argeologiese of paleontologiese materiaal of meteoriete sal aanvaar wat verkry word deur die handelinge wat in die permitaansoek beskryf word, en dat die materiaal kuratoriaal versorg sal word volgens 'n versamelingsbeleid wat vir Erfenis Wes-Kaap aanvaarbaar is.
- (2) Die argeologiese of paleontologiese materiaal of meteoriet wat uitgegrave word verwyder word ingeval 'n permit deur Erfenis Wes-Kaap uitgereik, in die geval van 'n meteoriet, hetsy uit sy oorspronklike posisie of uit die plek van impak, moet kuratoriaal versorg en geberg word in 'n samewerkende instelling in die Wes-Kaap, tensy 'n samewerkende instelling in 'n ander provinsie skriftelik deur Erfenis Wes-Kaap goedgekeur is.
- (3) 'n Permithouer is verantwoordelik vir die etikettering, opmaak en verpakking van die argeologiese, paleontologiese en meteorietmateriaal volgens spesifikasies verskaf deur die samewerkende instelling, en vir die verskaffing van alle tersaaklike dokumentasie aan die samewerkende instelling.
- (4) Die versamelingsbeleid van die samewerkende instelling aan wie argeologiese en paleontologiese materiaal en meteoriete toevertrou gaan word vir bering en kuratoriale versorging, moet verseker dat die materiaal toeganklik gemaak, gedokumenteer en georganiseer word in 'n toeganklike vorm wat dit moontlik maak om die data kritis te ondersoek.
- (5) Alle argeologiese en paleontologiese materiaal en meteoriete wat deur samewerkende instellings kuratoriaal versorg word, bly die eiendom van die Staat.

Voorlegging van verslae

15. (1) (a) 'n Persoon wat 'n permit van Erfenis Wes-Kaap verkry het om enige argeologiese of paleontologiese terrein of meteoriet te vernietig, te beskadig, uit te grawe, te verander, te ontsier of andersins te versteur vir 'n tydperk van een jaar of korter, moet, behoudens paragraaf (b), 'n finale verslag binne twee jaar na die jaardag waarop die genoemde permit die eerste keer uitgereik is, voorlê tensy Erfenis Wes-Kaap skriftelik toestemming verleen het om die keerdatum uit te stel.
- (b) Indien die permit hernu is, of indien die permit vir meer as een jaar uitgereik is, moet 'n vorderingsverslag jaarliks voor of op die jaardag waarop die permit die eerste keer uitgereik is, voorgelê word.
- (2) Die vorderings- en finale verslae moet minstens die volgende inligting bevat—
 - (a) 'n kaart op 'n skaal van minstens 1:50 000 met die terrein daarop aangedui ('n gefotostateerde gedeelte van 'n 1:50 000-kaart sal voldoende wees indien die kaart se nommer en naam verstrek word);
 - (b) 'n gedetailleerde plan van die terrein, waarop aangedui word waar argeologiese of paleontologiese materiaal of 'n meteoriet vernietig, beskadig, uitgegrave, verander, ontsier, verwyder of andersins versteur is of waar uitgravings op die terrein gedoen is;
 - (c) skaaltekening van die stratigrafie in elke uitgraving;
 - (d) 'n beschrywing van die materiaal wat uitgegrave, versamel en/of verwyder is in die vorm van 'n opsommende tabel of digitale databasis;
 - (e) 'n skriftelike verslag van die vordering gemaak tydens die verslagtydperk en gevolgtrekkings gemaak;
 - (f) illustrasies, waarvan toepassing;
 - (g) bevestiging dat 'n terreinrekordvorm aan die betrokke argeologiese data-aantekeningsentrum in die Wes-Kaap voorgelê is, en
 - (h) skriftelike erkenning van ontvangs van die samewerkende instelling in wie se besit of bewaring die materiaal en reks geplaas is.
- (3) Afskrifte van gepubliseerde referate en/of proefskrifte en/of verhandelings kan aanvaar word in die plek van 'n verslag in subregulasie (2) bedoel.
- (4) (a) 'n Eksemplaar van elke publikasie wat deur die permithouer gepubliseer is oor die handelinge gedaan kragtens 'n permit wat kragtens hierdie regulasies uitgereik is, moet aan Erfenis Wes-Kaap verskaf word.
- (b) Indien Erfenis Wes-Kaap nie tevreden is nie met die inligting vervat in die verslag, kan hy die permithouer verplig om meer toereikende inligting te verstrek.

- (c) Dit is die verantwoordelikheid van die permithouer om eksemplare van verslae en publikasies aan SAEHA te verskaf vir die nasionale erfenisbiblioek en inventaris van die nasionale besit, soos deur die Wet vereis.
- (d) Indien 'n permithouer nie 'n finale verslag publiseer binne twee jaar na voorlegging daarvan aan Erfenis Wes-Kaap ingevolge subregulasie (3) nie, kan sodanige verslag deur Erfenis Wes-Kaap op versoek beskikbaar gestel word aan navorsers wat publikasies saamstel, en/of kan die inligting in die publikasies van Erfenis Wes-Kaap gebruik word.

HOOFSTUK V

AANSOEK VIR PERMIT OM 'N PROVINSIALE ERFENISTERREIN TE REPRODUSEER (ARTIKEL 27(23))

Toepaslikheid

16. (1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om te verseker dat reproduksies van 'n provinsiale erfenisterrein wat vir wins gemaak is, nie die betekenis van die terrein verminder nie.
- (2) 'n Ander persoon as die eienaar van die eiendom wat 'n reproduksie vir wins wil maak, het sy in twee of drie dimensies, ten opsigte van 'n provinsiale erfenisterrein of deel van 'n provinsiale erfenisterrein, ingevolge artikel 27(23)(b) van die Wet, moet ingevolge hierdie Hoofstuk by Erfenis Wes-Kaap aansoek doen vir 'n permit.
- (3) Die volgende reproduksies word nie geag 'n reproduksie vir wins te wees nie, selfs al word die afbeelding aangebied vir verkoop of verhuur—
- (a) 'n unieke, individuele afbeelding met die hand gemaak sonder die gebruik van meganiese reproduksietegnieke;
 - (b) foto's, films en video's van die terrein wat nie met die hand of 'n rekenaar verander of gewysig is nie, en
 - (c) argiteks- en ander skaalplante en -modelle.

Vereistes en prosedure vir aansoek

17. (1) 'n Aansoek vir 'n permit moet op die toepaslike amptelike vorm gedoen word wat in Aanhengsel E hierby voorgeskryf word.
- (2) Erfenis Wes-Kaap moet die aansoeker binne 14 dae na ontvangs van die aansoek in kennis stel of gelde betaalbaar is, en indien wel, die bedrag.

HOOFSTUK VI

PROSEDURE VIR OORLEGPЛЕГІNG RAKENDE 'N BESKERMDE GEBIED (ARTIKEL 28(3))

Toepaslikheid

18. (1) Hierdie Hoofstuk is van toepassing op enige persoon wat beoog om enige deel van 'n gebied wat deur Erfenis Wes-Kaap as 'n beskermde gebied aangewys is, te beschadig, te ontsier, te verander, te onderverdeel of op enige ander manier te ontwikkel.
- (2) Die persoon in subregulasie (1) bedoel, word hierna die aansoeker genoem.

Prosedure vir oorlegpleging

19. (1) Die aansoeker moet Erfenis Wes-Kaap raadpleeg in die vroegs moontlike stadium maar minstens 60 dae voor die voorgestelde begin van veranderinge in regulasie 18(1) genoem in die beskermde gebied.
- (2) Om aan die prosedure vir oorlegpleging te voldoen, moet 'n aansoeker die toepaslike amptelike vorm, in Aanhengsel F hierby voorgeskryf, invul en aan Erfenis Wes-Kaap voorlê.
- (3) Erfenis Wes-Kaap sal die voorstelle oorweeg en kan enige ander persoon of owerheid wat hy geskik ag, raadpleeg.
- (4) Erfenis Wes-Kaap moet sy finale kommentaar en aanbevelings aan die aansoeker bekend maak binne 60 dae na ontvangs van die inligting in subregulasie (2) bedoel.
- (5) Om te voldoen aan die prosedure vir oorlegpleging ingevolge hierdie regulasie, moet 'n aansoeker die toepaslike amptelike vorm, wat van Erfenis Wes-Kaap verkrygbaar is, invul en aan Erfenis Wes-Kaap voorlê.

HOOFSTUK VII

AANSOEK VIR PERMIT OM ENIGE KATEGORIE GEREGSTREERDE ARGEOLOGIESE OF PALEONTOLOGIESE MATERIAAL OF VOORWERP OF METEORIET VIR PRIVATE WINS TE VERKOOP OF DAARIN HANDEL TE DRYF (ARTIKEL 35(4)(c))

Toepaslikheid

20. (1) (a) 'n Persoon in besit van 'n voorwerp of versameling wat ooreenkomsdig artikel 35(7) van die Wet geregistreer is, wat enige kategorie argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of meteoriet vir private wins wil verkoop of daarin handel wil dryf, moet ingevolge hierdie Hoofstuk by Erfenis Wes-Kaap aansoek vir 'n permit op die amptelike vorm, wat in Aanhengsel G hiervan voorgeskryf word.
- (b) Versamelings wat nie ooreenkomsdig artikel 35(7) van die Wet geregistreer is nie, word geag onwettig versamel te wees.

HOOFTUK VIII**REGISTRASIE VAN BEWARINGSLIGGAMME (ARTIKEL 25(1)(b))****Prosedure vir registrasie**

21. (1) 'n Aansoek deur 'n bewaringsliggaam om 'n belang by Erfenis Wes-Kaap te registreer, moet gedoen word op die amptelike vorm wat in Aanhangsel H hiervan voorgeskryf word.
 - (2) Erfenis Wes-Kaap kan enige ander provinsiale erfenishulpbronowerheid, SAEHA of enige ander tersaaklike organisasie raadpleeg oor die voorgestelde registrasie van 'n bewaringsliggaam.
 - (3) Erfenis Wes-Kaap kan weier om 'n bewaringsliggaam te registreer, of kan die registrasie van 'n bewaringsliggaam kanselleer, indien die optrede of aktiwiteit van sodanige liggaam strydig is met die beginsels in artikels 5 en 6 van die Wet uiteengesit of nadelig is vir die bestuur van erfenishulpbronne; Met dien verstande dat redes vir sodanige besluit verstrek moet word.
 - (4) Erfenis Wes-Kaap moet die bewaringsliggaam voorsien van 'n erfenisregistrasienommer, wat op alle korrespondensie met Erfenis Wes-Kaap gemeld moet word en op versoek aan enige belanghebbende party verstrek moet word.
 - (5) Die registrasie van 'n belang by Erfenis Wes-Kaap maak nie die registrasie van 'n belang by SAEHA of enige ander liggaam uit nie.
22. (1) Die registrasie van 'n belang by Erfenis Wes-Kaap is vir 'n tydperk van vyf jaar, waarna die registrasie verval tensy dit hernu word.
 - (2) 'n Geregistreerde bewaringsliggaam moet—
 - (a) sy sake bestuur in ooreenstemming met die beginsels uiteengesit in artikel 5 en voorgeskryf by artikel 6(1) van die Wet;
 - (b) Erfenis Wes-Kaap jaarliks in kennis stel van enige veranderinge ten opsigte van enige inligting wat ingevolge regulasie 21(2) verstrek is, en
 - (c) aan die einde van elke jaar 'n eksemplaar van die jaarverslag van die bewaringsliggaam aan Erfenis Wes-Kaap stuur.
 - (3) 'n Aansoek om die registrasie van 'n belang te hernu of te verander, kan gedoen word in dieselfde formaat as 'n aansoek om 'n belang te registreer.

AANHANGSEL A**AANSOEK VIR 'N PERMIT**

OM 'N PROVINSIALE ERFENISTERREIN OF 'N VOORLOPIG BESKERMDE PLEK TE VERNIETIG, TE BESKADIG, TE ONTSIER, UIT TE GRAWE, TE VERANDER OF UIT SY OORSPRONKLIKE POSISIE TE VERWYDER, TE ONDERVERDEEL OF DIE BEPLANNINGSTATUS DAARVAN TE VERANDER,

OF
OM ENIGE STRUKTUUR OF DEEL VAN 'N STRUKTUUR OUER AS 60 JAAR TE VERANDER
OF TE SLOOP,

WAT BESKERM WORD INGEVOLGE DIE WET OP NASIONALE ERFENISHULPBRONNE,
(WET 25 VAN 1999)

VUL ALLE AFDELINGS IN WAT OP U AANSOEK BETREKKING HET.

1. BESONDERHEDE VAN TERREIN, PLEK OF STRUKTUUR

- 1.1 Naam van terrein:
 1.1.1 Fisiese adres van terrein:
 1.2 Erf/Standplaas/Plaas se naam en nommer:
 1.3 Tipe terrein, plek of struktuur (dui aan met 'n kruisie in die toepaslike ruimte(s) hieronder):
 1.3.1 Provinsiale erfenisterrein (voorheen 'n verklaarde nasionale gedenkwaardigheid ingevolge die Wet op Nasionale Gedenkwaardigheid, 1969) of 'n voorlopig beskermde plek (voorheen 'n voorlopig verklaarde nasionale gedenkwaardigheid ingevolge die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (artikel 27)) of 'n voorlopig beskermde erfenisterrein ingevolge artikel 29 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999. Indien wel, heg 'n fotostaat van die gepubliseerde kennisgewing aan of verskaf die volgende inligting (indien bekend):
 1.3.1.1 Datum van kennisgewing van verklaring of voorlopige beskerming in die *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant*:
 (dd/mm/jj)
 1.3.1.2 Nommer van kennisgewing van verklaring of voorlopige beskerming in die *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant*:

 1.3.1.3 Nommer van *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant*:
 1.3.1.4 Verklaring van betekenis in die *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant*:
 1.3.2 Struktuur ouer as 60 jaar (artikel 34)
 1.3.3 Dui asb aan of die eiendom in 'n erfenisgebied is (voorheen aangewese bewaringsgebied ingevolge die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969) (artikel 31)
 1.4 Besonderhede van die titelakte en diagram van die terrein, plek of struktuur:
 1.4.1 Nommer van titelakte:
 1.4.2 Datum van titelakte:
 1.4.3 Nommer van Landmeter-generaal se diagram, waar van toepassing:
 1.4.4 Datum van Landmeter-generaal se diagram, waar van toepassing:
 1.4.5 Geregistreerde serwituit teen titelakte wat die terrein tot 'n provinsiale erfenisterrein of voorlopig beskermde plek verklaar, waar van toepassing:
 1.5 Kadastrale koördinate (indien beskikbaar)
 1.6 Huidige gebruik van eiendom:
 1.7 Landdrosdistrik waarin die terrein, plek of struktuur geleë is:
 1.8 Beplanningsowerheid in wie se reggebied die terrein, plek of struktuur geleë is:
 1.8.1 Naam van beplanningsowerheid:
 1.8.2 Posadres:
 1.8.3 Poskode:

1.8.4 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer: Faksnommer:

2. NAAM EN ADRES VAN AANSOEKER

2.1 Naam:

2.2 Adres:

2.3 Poskode:

2.4 Kontaknummers:

2.4.1 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer (h): Telefoonnummer (w):

2.4.2 Faksgebiedskode: () Faksnommer (h)..... Faksnommer (w).....

2.4.3 Selfoonnummer:

2.4.4 E-pos:

2.5 Identiteitsnummer van aansoeker:

2.6 Verklaring: Ek, om die handelinge te verrig wat in hierdie aansoek voorgestel word.

Handtekening: Datum:

3. GEREGISTREERDE EIENAAR VAN EIENDOM: (Indien die aansoeker nie die geregistreerde eienaar van die eiendom is nie, of indien die aansoek namens die geregistreerde eienaar gedoen word, moet 'n volmag aangeheg word.)

3.1 Naam:

3.2 Adres:

3.3 Poskode:

3.4 Kontaknummers:

3.4.1 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer (h): Telefoonnummer (w):

3.4.2 Faksgebiedskode: () Faksnommer (h)..... Faksnommer (w).....

3.4.3 Selfoonnummer:

3.4.4 E-pos:

3.5 Identiteitsnummer van geregistreerde eienaar

3.6 Verklaring: Ek, bewus van hierdie aansoek en aanvaar die inhoud daarvan.

Handtekening van eienaar: Datum:

4. NAAM EN ADRES VAN PRIMÊR VERANTWOORDELIKE AGENT (Argitek/Ontwerper, ens.)

4.1 Naam:

4.2 Adres:

4.3 Poskode:

4.4 Kontaknummers:

4.4.1 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer (h): Telefoonnummer (w):

4.4.2 Faksgebiedskode: () Faksnommer (h)..... Faksnommer (w)

4.4.3 Selfoonnummer:

4.4.4 E-pos:

4.5 Identiteitsnummer van primêr verantwoordelike agent

- 4.6 Kwalifikasies en/of toepaslike ondervinding van primêr verantwoordelike agent:
- 4.7 Gaan hierdie agent toesig hou oor die werksaamhede tot afhandeling? Ja/Nee
Indien nie, wie sal dan verantwoordelik wees vir toesig tot afhandeling van die voorgestelde werksaamhede?
.....
- 4.8 Verklaring: Ek, verklaar hierby dat ek verantwoordelik sal wees vir die voorgestelde werksaamhede in ooreenstemming met die voorstelle in hierdie aansoek.

Handtekening: Datum:

VOORGESTELDE TIPE HANDELING (dui aan met 'n kruisie in die toepaslike blokkie(s) hieronder):

- 5.1 Tipe werk:
Vernietig, beskadig, ontsier, uitgrawe, verander of verwyder uit sy oorspronklike posisie:
- 5.1.1 Algehele vernietiging
5.1.2 Gedeeltelike vernietiging
5.1.3 Byvoegings tot bestaande strukture
5.1.4 Nuwe geboue
5.1.5 Restourasie
5.1.6 Verandering
5.1.7 Uitgraving
5.1.8 Belandskapping
5.1.9 Verwydering uit sy oorspronklike of huidige posisie
5.1.10 Onderverdeling of verandering van beplanningstatus: Konsolidasie Onderverdeling Hersonering
5.1.11 Heraansoek vir permit Datum van vorige permit: (dd/mm/jj):
- 5.2 Benaderde koste van voorgestelde handeling/Tenderprys:
- 5.3 Tydperk waarvoor permit verlang word (maksimum drie jaar)/Duur van voorgestelde handeling:
Van Tot:
6. **BESONDERHEDE VAN DIE VOORGESTELDE HANDELING** (Verskaf 'n kort beschrywing van die voorgestelde handeling, wat gestaaf moet word deur die dokumentasie soos in 7 en 9 hieronder bepaal.)
7. **VERWYSINGSNOMMERS EN DATUMS VAN TEKENINGE** (Meld asb alle tekeninge se verwysingsnummers, insluitende hersieningsnummers, en die datums van die tekeninge.)

Verwysingsnummer van tekening	Datum van tekening	Weergawe	Titel van tekening

8. **MOTIVERING VIR VOORGESTELDE HANDELING** (Motiveer volledig, met verwysing na bewaringsbeleid en/of -beginsels, waarvan toepassing. Hierdie ruimte kan ook gebruik word vir bykomende besonderhede wat hierbo verlang word.)

OORLEGPLEGING

9.1 Bewaringsliggame

Bewaringsliggame is belanghebbende partye by die bestuur van ons erfenisshulpbronne. Erfenis Wes-Kaap is daarvoor verantwoordelik om geregistreerde bewaringsliggame in kennis te stel wanneer aansoeke ontvang word vir bepaalde geografiese gebiede of kategorieë erfenisshulpbronne ingevolge artikel 25(1) van die Wet op Nasionale Erfenisshulpbronne, 1999. Dui asb aan of u enige van u plaaslike bewaringsliggame geraadpleeg het oor u voorstel en lê enige kommentaar wat hulle gelewer het oor die invloed van die beoogde handeling op die kulturele betekenis van die erfenisshulpbron, aan Erfenis Wes-Kaap voor as deel van u aansoek.

Die volgende bewaringsliggame is geraadpleeg, en hulle kommentaar is aangeheg:

Naam van geregistreerde bewaringsliggaam	Kontakbesonderhede	Skriftelike kommentaar op die voorgestelde handeling aangeheg

9.2 Argeologiese en/of paleontologiese kundigheid

Het u oorleg gepleeg met 'n argeoloog of paleontoloog met betrekking tot die invloed van die voorgestelde handelinge op die erfeniswaardes van die terrein? Indien wel, verskaf 'n afskrif van die skriftelike verslag.

10. DOKUMENTASIE WAT HIERDIE AANSOEK MOET VERGESEL

- 10.1 EEN STEL INGEKLEURDE TEKENINGE, wat vir rekorddoeleindes deur Erfenis Wes-Kaap behou sal word.
- 10.2 ENIGE VERDERE STELLE TERSAAKLIKE TEKENINGE, wat aan die aansoeker terugbesorg sal word (gewoonlik verlang die plaaslike owerheid en die eienaar hulle eie gestempelde stel tekeninge) en gestempel sal word indien goedgekeur deur Erfenis Wes-Kaap.
- 10.3 'N LIGGINGSPLAN, wat toon waar die terrein geleë is.
- 10.4 'N TERREINPLAN, wat die uitleg van die eiendom toon—insluitende bome en landskapverskynsels.
- 10.5 FOTO'S, VIDEO'S OF ANDER VISUELE HULPMIDDELE van die terrein, plek of struktuur in sy huidige vorm en in konteks. Waar gepas, sluit asb foto's, video's of ander visuele hulpmiddele van die binnekant van die struktuur in wat deur die voorgestelde handeling geraak sal word. Verskaf asb opskrifte en datums by alle foto's. Indien 'n model voorgelê word, verskaf asb foto's van die model vir Erfenis Wes-Kaap se rekords.
- 10.6 'N HISTORIESE AGTERGROND van die terrein, plek of struktuur.
- 10.7 'N MOTIVERING vir die voorgestelde handeling(e) (paragraaf 8).
- 10.8 KOMMENTAAR VAN BEWARINGSLIGGAME, indien geraadpleeg.
- 10.9 'N INVLOEDEVALUERINGSVERSLAG DEUR 'N ARGEOLOOG, indien toepaslik.
- 10.10 KOMMENTAAR VAN GEREGSTREERDE EIENAARS VAN AANGRENSENDE EIENDOMME, indien toepaslik.
- 10.11 BESONDERHEDE EN UITKOMS VAN ENIGE VORIGE VOORLEGGINGS AAN ENIGE ANDER OWERHEID (die voormalige Raad op Nasionale Gedenkwaardighede (RNG), SAEHA, ens.) ten opsigte van hierdie aansoek.
- 10.12 ENIGE BYKOMENDE PERTINENTE INLIGTING rakende die terrein, plek of struktuur wat Erfenis Wes-Kaap na u mening sal help om u aansoek teoorweeg.

11. LET WEL

- 11.1 Tensy die aansoeker en die geregistreerde eienaar die aansoekvorm onderteken, as dit nie dieselfde persoon is nie, sal dit nie deur Erfenis Wes-Kaap oorweeg word nie.
- 11.2 **Aansoeke word as openbare dokumente beskou en is oop vir openbare insae. Indien u wil hê dat u aansoek vertroulik gehou moet word, motiveer asb u versoek op 'n afsonderlike vel papier. Gevalle waar vertroulikheid toegestaan word, sal tot een jaar (12 maande) beperk word.**

Nadat hierdie vorm ingevul is, stuur dit aan:

Die Sekretariaat
Permitkomitee: Erfenis Wes-Kaap
Privaatsak X9067
KAAPSTAD
8000

Telefoon: (021) 483-9693/9695
Faks: (021) 483-9842

AANHANGSEL B**AANSOEK VIR 'N ARGEOLOGIESE PERMIT**

**OM ENIGE ARGEOLOGIESE TERREIN TE VERNIETIG, TE BESKADIG, UIT TE GRAWE, TE VERANDER, TE ONTSIER OF
ANDERSINS TE VERSTEUR,**

OF

**OM ENIGE ARGEOLOGIESE MATERIAAL VAN VOORWERP TE VERNIETIG, TE BESKADIG, UIT TE GRAWE OF UIT SY
OORSPRONKLIKE POSISIE TE VERWYDER OF TE VERSAMEL**

OF

**ENIGE UITDRAWINGSTOERUSTING OF ENIGE TOERUSTING WAT HELP MET DIE OPSPORING OF HERWINNING VAN
METALE OF ARGEOLOGIESE MATERIAAL OF VOORWERPE OP 'N ARGEOLOGIESE TERREIN TE BRING OF TE GEBRUIK,
WAT BESKERM WORD INGEVOLGE ARTIKEL 35(4) VAN DIE WET OP NASIONALE ERFENISHULPBRONNE (WET 25 VAN
1999)**

VUL ALLE AFDELINGS IN WAT OP U AANSOEK BETREKKING HET.

1. BESONDERHEDE VAN ARGEOLOGIESE TERREIN

- 1.1 Naam en fisiese adres van terrein:
- 1.2 Erf/Standplaas/Plaas se naam en nommer:
- 1.3 Tipe terrein (Verskaf 'n kort beskrywing van die terrein, op 'n afsonderlike vel):
- 1.3.1 Tydperk, era, ouerdom of datum van terrein:
- 1.4 Landdrosdistrik waarin die terrein, plek of struktuur geleë is (noodsaaklik):
- 1.4.1 Beplanningsowerheid (indien bekend):
- 1.5 Is die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein of voorlopig beskermde plek? JA/NEE
Indien wel, heg asb 'n fotostaat van die gepubliseerde kennisgiving aan of verstrek die volgende inligting:
- 1.5.1 Datum van kennisgiving van verklaring of voorlopige beskerming in die *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant* (dd/mm/jj) (indien bekend):
- 1.5.2 Nommer van kennisgiving van verklaring of voorlopige beskerming in die *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant* (dd/mm/jj) (indien bekend):
- 1.5.3 Nommer van *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant* (indien bekend):
- 1.5.4 Datum van publikasie van die *Staatskoerant* of *Provinsiale Koerant* (dd/mm/jj) (indien bekend):
- 1.6 Huidige gebruik van eiendom:
- 1.7 Kadastrale of geografiese koördinate van die terrein, plek of struktuur (Merk die posisie van die terrein op 'n afskrif van 'n 1:10 000-kaart/
lugfoto of 'n 1:50 000-kaart en sluit dit in by u aansoek):
- 1.7.1 Naam en nommer van 1:50 000 (of groter skaal) kaart:
- 1.7.2 Lengte- en breedtegraad (waar moontlik, verskaf desimale weergawe):
- 1.7.3 Ruimtelike verwysingstelsel:
 Globale posisie Datum: Ou Kaap/WGS84/Ander (Meld asb datum van lesing):
 Trigonometrie Datum van kaart:
 Ander Datum van aantekening:

2. BESONDERHEDE VAN DIE AANSOEKER

- 2.1 Naam en titel:
- 2.2 Adres:
- 2.3 Poskode:
- 2.4 Kontaknommers:
- 2.4.1 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer: (w)..... (h).....
- 2.4.2 Faksgebiedskode: () Faksnommer:
- 2.4.3 Selfonnummer:
- 2.4.4 E-pos:

- 2.5 Kwalifikasies en ondervinding van die aansoeker:
- 2.6 Huidige akademiese status van die aansoeker:
- 2.7 Identiteitsnommer/Paspoortnommer van die aansoeker:
- 2.8 Verklaring deur aansoeker: Ek, verklaar hierby dat ek onderneem om te hou by die voorwaardes en beperkings of aanwysings waarop Erfenis Wes-Kaap die permit uitrek waarvoor ek aansoek doen.

Handtekening van aansoeker: Datum:

- 2.9 Verklaring van Navorsingstoesighouer indien die aansoeker 'n navorsingstudent is:

Ek, verklaar hierby dat ek hierdie projek sal steun en die student sal help om te hou by die voorwaardes en beperkings of aanwysings waarop Erfenis Wes-Kaap die permit uitrek waarvoor hierdie student aansoek doen.

Handtekening van Navorsingstoesighouer: Datum:

3. NAAM EN ADRES VAN GEMAGTIGDE VERTEENWOORDIGER(S) VAN DIE AANSOEKER WAT PERMANENT OP DIE TERREIN SAL WEES TYDENS DIE HANDELING

- 3.1 Naam en titel:
- 3.2 Adres:
- 3.3 Poskode:
- 3.4 Kontakbesonderhede:
- 3.4.1 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer:
- 3.4.2 Faksgebiedskode: () Faksnummer:
- 3.4.3 Selfoonnnummer:
- 3.4.4 E-pos:
- 3.5 Identiteitsnommer:
- 3.6 Kwalifikasies en/of toepaslike ondervinding van gemagtigde verteenwoordiger(s):

- 3.7 Gaan die gemagtigde verteenwoordiger(s) die handelinge onder toesig van die aansoeker onderneem? Ja/Nee

- 3.8 Verklaring: Ek, verklaar hierby dat ek die handelinge onder toesig van die aansoeker sal onderneem.

Handtekening van gemagtigde verteenwoordiger: Datum:

4. BESONDERHEDE VAN DIE GEREGSTREERDE EIENAAR VAN DIE TERREIN ('n Brief van die eienaar waarin die volgende besonderhede en kommentaar op die beplande handeling verstrek word, kan voorgele word.)

- 4.1 Naam en titel:
- 4.2 Adres:
- 4.3 Poskode:
- 4.4 Kontakbesonderhede:
- 4.4.1 Telefoongebiedskode: () Telefoonnummer:
- 4.4.2 Faksgebiedskode: () Faksnummer:
- 4.4.3 Selfoonnnummer:
- 4.4.4 E-pos:
- 4.5 Identiteitsnommer:
- 4.6 Verklaring: Ek, is ten volle bewus van hierdie aansoek en aanvaar die inhoud daarvan.

Handtekening van eienaar: Datum:

4.7 Kommentaar van eienaar oor beplande handeling (as daar is)

5. DOEL VAN DIE AANSOEK (maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie(s) hieronder)

5.1 Tipe werk/Aard van aktiwiteit:

5.1.1 Vernietiging vir die doel van:

Ontleding Datering Restourasie Ander

